# Hoofstuk van die dag: Lukas 10

> *Maar die wetgeleerde wou homself handhaaf en vra vir Jesus: "En wie is my naaste?" (vers 29)*

Die wetgeleerde se vraag is nie so onskuldig soos dit klink nie. Hy wou eintlik weet wie almal hy moet insluit, en wie kan

hy uitsluit wanneer die opdrag tot naasteliefde na hom toe kom.
Dit is ook 'n vraag wat hom telkens ongevraagd aan ons opdring. Dit gaan oor insluiting en uitsluiting. Oor "ons" en "hulle". As dit een van ons is, is dit ook my saak, maar as dit een van hulle is, traak dit my nie. Dan is ek los.
Dalk loop jou gedagtes nou dadelik na die rassevraagstuk, wat natuurlik uiters relevant is. Jesus het nie verniet 'n Samaritaan in die gelykenis ingevoeg nie. Maar dit gaan nie net oor ras nie. Dit gaan ook oor klasse in die samelewing, en klieke en inkommers en politiek en verskillende standpunte in die kerk waar die sg. fundamentaliste en die sg. verligtes mekaar verdag maak.
Jesus sê ons naaste is hulle wat ons nodig het, maak nie saak wie dit is nie. Ek en jy mag nie soos die priester en die Leviet gedoen het, anderpad kyk nie. Soos die Samaritaan moet ons die mens raaksien wat oor ons pad kom.

## Onlangse Bydraes


- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

© Bybelkoerant 2018 – 2026